


Die gawe van *gee*

Drie omgemense vertel van die dubbele geskenk wanneer jy uitreik na ander in nood: Op die 'ontvanger' wag 'n beter toekoms, en op die 'gewer' beter balans en hope seën!

deur MARYKE VISAGIE foto's MARSEL ROOTHMAN



PRODUKSIE Juané Scheepers, ASSISTENT Catherine van der Hoven; HAAR EN GRIMERING Heidi Gouws en Alicia Buckle (Beatrice Delpierre)

D

it is die betekenis van ware liefde,” het Moeder Teresa gesê, “om te bly gee tot-dat dit seermaak”.

Ons weet dit, en tog, dit bly moeilik om te doen. As ek van my tyd, geld en energie weggee, gaan daar genoeg oorbly vir myself? Ja, ja, nogmaals ja, belowe God in Jesaja 58 aan dié wat uitreik. “Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die roo-dag, jy sal gou herstel. Hy wat jou sal red, sal voor jou uitgaan, die mag van die Here sal agter jou aankom... as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag.”

Ons is gemaak om mekaar te dien. Dis dan wanneer ons volkome heel is en nie ons eie belange eerste stel nie...



Antoinette Victor Hearts and Hands, Pretoria

“Die sukses van ons projek kom nie net deur bloot kospakkies uit te deel nie, maar ’n pad met elke mens te stap,” gesels Antoinette (47), ’n maatskaplike werker vir Wespoort Uitreik, ’n welwillendheidsprojek wat uitreik na ’n gemeenskap in Wespoort, Danville, en deur die NG gemeente Lynnwood ondersteun word.

“Jy sit en vou ’n papier-Kersboom saam met ’n stukkende vrou en so, gesels-gesels, sien jy hoe haar selfbeeld ontwikkel; hoe die lig binne haar aangaan as sy besef sy is meer as wat haar man of die samelewing haar wysmaak. En ek huil hard, want dis wonderlike vroue, al is hulle getrap deur die lewe. Hulle kom kry ’n veilige hawe by ons, hulle kry vlerke en vlieg weg.”

Antoinette glo nie aan pasellas nie. “Ons gee Vrydae vir elke gesin ’n pakkie met basiese benodighede soos tee, mieliemeel en

blikkieskos, maar hulle moet dit ‘verdien’ deur twee keer per week kleingroepbyeenkomste by te woon. “Hulle is stukkend en het seer, en ons werk ewe hard aan die geestelike as die fisieke kant.”

Dinsdae word ook gebruik vir werkskeppingsinisiatiewe soos Antoinette se geesteskind, Hearts and Hands, ’n projek wat parallel met die uitreik loop. “Ons is amper volkome afhanklik van skenkings, wat skaars is in ’n moeilike ekonomie. Hearts and Hands leer mense handwerk wat ons verkoop op markte soos die Tierlantynkies Kuier-en-Koopfees in Pretoria om ons fondse aan te vul. Ons hou ook ’n jaarlikse Paastee vir 200 vroue waar ons die produkte op ’n minimark verkoop.”

Opheffingswerk kan uitmergelend wees. Sielkunde-kenners praat immers van medelye-uitputting (*compassion fatigue*), iets wat by versorgers en maatskaplike werkers voorkom. Dié mense word konstant só gebombardeer met ander mense se nood dat hulle later afgestomp en by tye depressief voel. Raak Antoinette

nie oorweldig deur die geweldige hoeveelheid nood wat sy op daaglikse basis ervaar nie?

“Ek probeer nie om die huis te bou nie, ek kry net die grond reg sodat die huis later daarop gebou kan word. Ek bly op my knieë, want hier kry ek nuwe krag en seën, en my gesin is my veilige hawe. ’n Mens doen dié werk in absolute geloof, want daar is geen waarborg nie, maar dit maak mens ook oop vir God se goedheid. Daar is baie mooi stories, soos dié van ons jongste kleuterskooljuffou.”

Antoinette se span bedryf ook ’n kleuterskool vir behoeftige kinders van drie jaar en ouer. Die kinders ontvang maaltye, klere en skoene en die doel is om hulle te stimuleer om hulle skoolge-reed te kry. Die skooltjie word bedryf deur mense binne die projek wat spesiale opleiding kry.

“Ons het ’n vrou met baie potensiaal en leierseienskappe geïden-tifiseer om in die skool te werk. Sy was baie opgewonde oor die ekstra geld, maar ook baie selfbewus oor haar voorkoms, spesifiek haar tande. Dié selfbewustheid het haar teruggehou in die lewe en het amper ook dié kans op selfverwesenliking verwoes. Ek was moedeloos. Maar uit die bloute het ’n weldoener aangebied om haar tande te laat regmaak, wat dié vrou in haar nuwe rol laat blom het. Nou die dag kom sit sy so stilweg by my en sê: ‘Ek bid nou al 15 jaar vir iets wat God vandag laat waar word het.’

“Haar gesin moes ook geruime tyd sonder water en elektrisiteit leef weens die vorige huurder se onbetaalde rekening. Die eien-dom is egter verkoop en die nuwe eienaar het die rekening opgehef en vir die gesin ’n woonstel gebou met elektrisiteit en lopende wa-ter. Ons het saam gesit en huil oor God se genade en net weer besef God se tyd is nie ons s’n nie.”

Antoinette erken sy leer ook baie by “haar” mense. “Ek dink dikwels behoeftiges is beter Christene as die res van ons; hulle weet wat dit is om te bid en dan te vertrou. En as hulle gebede ver-hoor word, is hulle só dankbaar.”



Beatrice Delpierre Essay Gifts, Kaapstad

Essay Gifts het sy ontstaan te danke aan ’n bekende gesig waarmee die meeste Suid-Afrikaners daaglik gekonfronteer word: die hon-derde straatkustenaars wat hulle ware op straathoeke verkoop.

Ná ’n hele aantal jaar in Engeland waar sy in die aptekersbedryf gewerk het, het Beatrice (42) Essay Gifts, ’n ontwerpersgesenk-maatskappy, begin. Dié onderneming oorbrug die gaping tussen maatskappye, jong ontwerpers en voorheen benadeelde individue (soos die straatkustenaars) en bestuur die vervaardigingsproses om te verseker die produkte is wêreldklas en word betyds gelewer.

“Daar is baie projekte wat mense leer om kunsvlyt te doen, maar dikwels eindig die projek net daar. Niemand leer hulle be-markingsvaardighede nie, en boonop het hulle nie die kapitaal om behoorlike afsetpunte te kry nie.”



◀ Essay Gifts se produkkatalogus vertel die storie van Suid-Afrikaanse kreatiwiteit wat as korporatiewe geskenke aan groot maatskappye bemark word. Daar is nie net kuns van straatverkoopers nie, maar ook jong kunstenaars, plaas- en township-projekte.

“Elke produk het ’n eie unieke storie. Die meeste van ons kunstenaars is uiters kreatief, maar die sake- en bemarkingskennis ontbreek. Ons werk hoofsaaklik met twee groepe mense – jong ontwerpers en groepe in informele nedersettings.” Talle woon en werk op plattelandse dorpie wat weens hulle ligging dikwels deur groter bemagtigingsprojekte oor die hoof gesien word. Essay Gifts help hulle met oorbruggingsfinansiering deur 50% van die rou produkkoste voor te skiet.

Een van hulle grootste onlangse suksesstories is ’n reuse-bestelling geskenkpakke vir die 30ste verjaardag van ’n bekende regsversekeringsfirma. Dit was ’n logistieke uitdaging, want verskillende groepe moes saamwerk om meer as 800 geskenkpakke met sewe verskillende items betyds te maak, te verpak en by 50 verskillende bestemmings af te lewer.

“Dis vir my die heel lekkerste om ’n produk se reis te beleef – van waar dit in ’n sinkhut of agterplaasfabriek gemaak word tot waar dit op ’n internasionale galadinee oorhandig word.”

Elke dag bring sy eie uitdagings en dit gebeur dikwels dat Beatrice self in die motor spring om te gaan uithelp. “Mens kry maar die dae wanneer jy wonder of dit nie makliker sal wees om as apteker te werk nie, maar die mense waarmee ek elke dag werk maak die bloedsweet die moeite werd.

“Hulle is so dankbaar oor bestellings, veral as hulle dan nie meer hoef te wonder waar die res van die maand se kos vandaan gaan kom nie. Die ondersteuning van my gesin en vriendinne, en veral my ma se gebede, hou my staande.

“Ek glo steeds die Here het ’n spesiale plan met Essay Gifts. Elke keer nog as ons finansiële met ons rug teen die muur was, het ons ’n groot bestelling gekry. Toe ek nou die dag ekstra moedeloos was, lees ek Numeri 23:19 raak: ‘God is nie ’n mens dat Hy sou lieg nie, ’n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?’ Ek het my kop in skaamte laat sak en leer elke dag van nuuts af om in totale afhanklikheid van God te leef.

“Iemand het jare gelede by die Metodistekerk in die Imizamo Yethu- informele nedersetting by Houtbaai vir my gesê ’n mens moet bly fokus op die groep mense waar jy ’n verskil kan maak. En elke jaar probeer ons om daardie groep te vergroot. Dis die erfenis wat ek graag vir ons kinders wil nalaat.”

Kevin Clark Vintage Coffee, Pretoria

Die koffie prut behoortlik in Kevin (27) en sy vrou, Rebeca (24), se bloed. Kevin, ’n gebore Johannesburger, se liefdesverhouding met boeretros het vlamgevat toe hy die koffiekultuur in Brasilië ontdek



het, veral die manier hoe mense dit in hulle eie huise geniet. Hy is ongetwyfeld ook beïnvloed deur Rebeca, die liefde van sy lewe, wie se ouers ’n koffiewinkel op die idilliese klein Brasiliaanse eilandjie Florianópolis bestuur het. Sy het reeds op 17 haar eerste koffiewinkel besit.

Om Rebeca te oorreed om na Suid-Afrika te kom was nie moeilik nie – sy het immers reeds op 19 hierheen gekom om as vrywilliger te werk vir organisasies soos Botshabelo en Urban Life. Dis hier waar sy en Kevin mekaar ontmoet en verlief geraak het. Die paartjie, wat in 2011 getroud is, het ook sowat 16 maande in die VSA gewoon waar hulle kon sien hoe die koffiebedryf op ’n heel ander vlak bedryf word in spesialis-koffiewinkels soos Starbucks.

Kevin en Rebeca het sowat ’n jaar gelede teruggekeer met die droom om ’n eie koffiewinkel hier te open. Maar nadat hulle opnuut met die armoede om hulle gekonfronteer is, het daar ’n dieper behoefte agter hulle ambisie ontwikkel.

“Ons wou altyd meer vir die land doen as om bloot ’n besigheid te bestuur en geld te maak,” sê Kevin. “Ons wou ’n verskil maak, hoe groot of hoe klein ook al.”



“Ons wil deur goeie koffie iets teruggee...!”

Met dié droom in gedagte is Vintage Coffee in Centurion gebore uit ’n konsep wat hulle elders gesien het – ’n sakeonderneming sonder ’n winsmotief wat ander organisasies sonder ’n winsmotief help. Besoekers aan Vintage Coffee kan teug aan hulle koppie koffie, cappuccino of latte, want elke maand word ’n gedeelte van die wins vir liefdadigheid geskenk.

Dit werk só: Elke maand word drie liefdadigheidsorganisasies geïdentifiseer, almal binne die plaaslike gemeenskap om Midrand en Centurion, en so ver as Pretoria en Johannesburg. Vir elke koppie koffie wat ’n persoon koop kan hy of sy ’n stem plaas agter een

van dié organisasies. Die een met die meeste stemme aan die einde van die maand is die ontvanger van die winsporsie.

“Ons filosofie is eenvoudig en ons minimalistiese styl neem niks weg van ons hoofdoel nie – om iets terug te gee terwyl almal uitstekende koffie geniet. Ons wil waarde toevoeg tot ons stad, ons wil die gaping tussen dié wat het en nie het nie verklein, en ons wil die hulpeloses help.”

Maar Vintage Coffee staan nie net vir die gemeenskap nie, hulle is ook sinoniem met uitstekende koffie! Hier word ’n mengsel van Tanzaniese en Brasiliaanse koffie bedien, simbolies van hulle huwelik wat óók ’n smeltkroes van kulture is.

Kevin en Rebeca wou doelbewus nie nóg ’n organisasie stig wat mense help nie. “Daar is soveel mense wat dit reeds deur uitstekende organisasies doen, en ons wou eerder vir hulle help. Daar is dalk ’n bietjie selfsug in ons ambisie om in ons eie wêreld ’n verskil te maak, maar ons wou ook ons besigheid gebruik om ons stad te help. Besighede kan soveel meer doen, en ons het die kans om koffiedrinkers te laat terugploeg in hulle stad en sy mense.”

Met ’n ekonomie wat druk is dit tog seker by tye met ’n swaar hart dat jy jou swaarverdiende wins oorbetaal?

“Dit gaan snaaks klink, maar dis terselfdertyd maklik én moeilik. Ons het die besluit geneem lank voor die koffiewinkels sy deure oopgemaak het, dis deel van ons. Dit is nie altyd maklik om aan te hou om jou wins te gee nie, maar die wete dat jy elke maand selfs net ’n klein verskil maak, maak alles die moeite werd. Baie dinge het vir ons in plek geval – ons het ongelooflike verhuurders en beleggers wat glo in Vintage Coffee se filosofie en die rol wat dit speel in Centurion. Ons glo hierdie is ’n model wat reg oor die wêreld gebruik kan word tot voordeel van gemeenskappe.”

Kevin erken die pad wat hy met Vintage gestap het, het sy hart sag gemaak vir mense in nood, en hy verstaan ook nou hoe Vintage Coffee deel vorm van die groter stadsliggaam, wat hulle rol is en hoe hulle tot die stad se welstand kan bydra.

En hulle is nie alleen nie! “Die mense wat ons koffiebone rooster gee sowat die helfte van hulle wins aan liefdadigheid, en hulle het ons ongelooflik ondersteun op hierdie pad. Ons vra ook vir